*VERSLAGWAARDIG:JA/NEE*
*SIRKULEER ONDER LANDDROSTE:JA/NEE*
*SIRKULEER ONDER REGTERS:JA/NEE*

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***Saak no.: K/S 18/2001***
***(Rondgang te Upington)***
***Datum: 14-09-2001***

DIE STAAT

teen

| | |
|---|---|
| GEORGE BANDJIES | Beskuldigde 1 |
| ANDRIES BUYS | Beskuldigde 2 |
| ALEX BALDWIN McFARLANE | Beskuldigde 3 |
| AUBREY HERMANUS WHITE | Beskuldigde 4 |
| STEPHANUS ALBERTUS CHRISTIE | Beskuldigde 5 |

---

## *K O N S E P – U I T S P R A A K*

---

**Majiedt R** Hierdie is ons eenparige uitspraak.

1. Die vyf beskuldigdes staan tereg op een aanklag van roof met verswarende omstandighede soos omskryf in artikel 1 van Wet 51 van 1977, en 2 aanklagte onder die Wet op vuurwapens (75 van 1969), te wete besit van ongelisensieerde vuurwapens, nl.

twee 9mm. pistole en drie semi-outomatiese gewere, sowel as die onwettige besit van ammunisie.

2. Hulle het almal onskuldig gepleit op die ten laste gelegde misdrywe. Mnr. Pistorius wat namens die eerste vier beskuldigdes verskyn, het aangedui namens sy kliënte dat hulle hul swygreg uitoefen. Mnr. Jacobs wat namens beskuldigde nommer 5 verskyn, het aangedui dat sy kliënt se verweer neerkom op 'n algehele ontkenning van die bewerings teen hom.

3. Aangesien daar voor ons slegs die Staat se weergawe is (al die beskuldigdes het hulle sake gesluit sonder om self getuienis af te lê) oor die voorval self, kan die verloop van gebeure bondig as volg opgesom word:

3.1 Op 14 Augustus 2000 het werknemers van Cash Paymaster Services (na wie ek hierna verder sal verwys as "CPS") hulle te Philandersbron in die Kalahari bevind. CPS is verantwoordelik vir die uitbetaling van Staatspensioengelde aan pensioenarisse.
Hierdie werknemers het ingesluit beskuldigde nommer 5 en hulle was vergesel deur drie sekuriteitswagte van Fidelity Springbok Security Services. ("die Sekuriteitsfirma") Hierdie firma is gekontrakteer deur

CPS om laasgenoemde se werknemers sowel as die pensioengelde te beveilig tydens die vervoer en uitbetaling daarvan.

Die groep sou die aand van 14 Augustus 2000 by Philandersbron gastehuis oornag.

3.2 Tydens daardie betrokke aand is die groep oorval, met wapens gedreig en, nadat hulle onder dwang die sleutels van die sekuriteitsvoertuig waarin die geld geberg was, moes oorhandig is hulle vasgebind en hulle monde toegeplak.

Van die lede van die groep is ook na bewering aangerand deur die aanvallers. Een skoot is ook daar op die toneel afgevuur deur die booswigte,

3.3 Die rowers het die volgende buitgemaak: -

a) R414 060.00 kontant;

b) 3 LM5 semi-outomatiese gewere,

c) eenhonderd en vier rondtes van 5.56 mm ammunusie;

d) twee Motorola handradio's;

e) een Kenwood handradio;

f) een Nokia selfoon.

3.4 Nadat die aangevallenes daarin kon slaag om hulleself te bevry, het hulle die polisie gekontak en laasgenoemde

het padversperrings opgerig op die belangrikste padroetes.

3.5 Beskuldigdes 1 tot 4 is ongeveer 4 tot 5 kilometers buite Upington voorgekeer en gearresteer, nadat die voertuig waarin hulle gereis het ('n Kombi) deursoek is. In die Kombi is daar tydens dié deursoeking 'n haelgeweer en ± R8 000.00 kontant gevind. Later is daar tydens 'n verdere deursoeking van die Kombi terwyl dit by die polisie se motorhawe gestal was ook twee 9mm. pistole gevind. Hierdie pistole is half versteek agter die paneelkissie gevind – dit vorm onder andere die onderwerp van die aanklag betreffende die onwettige besit van ongelisensieerde vuurwapens.

3.6 Naby die punt waar die Kombi voorgekeer is, het lede van die SAPD daardie selfde aand 'n drasak bevattende R362 000.00 kontant gevind. Hierdie geld is, nadat dit getel is by die polisiestasie, oorhandig aan die CPS, wat daarop aanspraak gemaak het as regmatige besitter daarvan.

3.7 Ongeveer 'n maand later en wel op 17 September 2000, het lede van die SAPD aan die hand van inligting wat hulle opgevolg het, drie LM5 gewere en leë geldhouers op die Upington-Witdraai pad gevind. Dit is gemene saak

dat hierdie artikels buitgemaak was die aand van die rooftog.

3.8 Die Staat beweer dat beskuldigde nommer 5 (wat ‘n werknemer van CPS is) saamgewerk het met die rowers die betrokke aand – ons is meegedeel deur een van die Staatsgetuies dat, in die *lingua franca* van die onderwêreld, beskuldigde nommer 5 bekend sou staan as die *“fingerman”*.

4. Daar is ‘n groot aantal getuies wat getuig het in hierdie saak. Dit is nie prakties nie en myns insiens in elk geval nie nodig om almal van hulle se getuienis weer te gee nie. Ek, volstaan slegs met dié van die belangrikste getuies.

5. Alvorens ek die getuienis opsom en evalueer, maak ek sekere preliminêre opmerkings:-

5.1 Die Staatsaak is, om dit sagkens te stel, ‘n treurmare van onbeholpe ondersoekwerk (en soms selfs gruwelike nalatige slordige speurwerk), twyfelagtige uitkennings, onreëlmatige uitkenningsprosedures, onderbroke ketting getuienis, ontoereikende deskundige getuienis (en-ooggetuies) en oweral, gapende tekortkominge in die bewys van die beweringe vervat in die akte van

beskuldiging. Ek ag dit nodig om later meer volledig te handel met die manier waarop die ondersoek in hierdie saak gedoen is.

5.2 Behalwe vir die getuie, Francois White wat namens sy broer, beskuldigde nommer 4 getuig het, is daar geen getuienis van verdedigingskant voorgehou nie. Mnr. White se getuienis slaan net op ‘n baie beperkte aspek, te wete die geloofwaardigheid van Wilfred Tsumane. Die verdedigingsadvokate, veral mnr. Pistorius, het met ‘n verwoede aanslag die Staatsaak probeer aftakel en tot ‘n groot mate daarin geslaag. Soos ek alreeds vermeld het en later vollediger sal uitwys hierin, is hul taak aansienlik vergemaklik deur die onbeholpe en by tye slordige ondersoekwerk in hierdie saak.

Ek moet egter hier byvoeg dat daar in verskeie opsigte van verdedigingsweë onnodig stof opgeskop is oor aspekte wat óf ontersaaklik is óf gelei het tot weinig, indien enige, konklusie tot die teendeel van die getuienis wat aangebied is deur die Staat. Goeie voorbeelde hiervan is die bevraagtekening van die vingerafdrukdeskundige, sersant Smith, se deskundigheid; die gebruik van ‘n bepaalde tipe film om foto’s mee te neem en, seker die heel belangrikste, die tevergeefse (ek wil amper sê wanhopige) gespartel om

afbreuk te doen aan die vingerafdrukgetuienis. Meer hieroor later.

6. Daar is ‘n hele aantal dokumente ingehandig tydens die verhoor – hulle wissel van foto’s tot vingerafdrukkaarte en – foeliene tot inskrywings in bewysstukregisters en ‘n sakboek. Ek sal hierdie dokumente behandel wanneer ek die getuienis bespreek. Een paar skoene en drie paar sportskoene, sowel as twee 9mm pistole is ook ingehandig as bewysstukke tydens die verhoor.

7. Sersant Patrick Smith is ‘n vingerafdruk deskundige en ‘n forensiese veldwerker van die SAPD, Upington. Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat dié getuie eers as ‘n deskundige gekwalifiseer het <u>nadat</u> hy deskundige ondersoekwerk gedoen het op die tersaaklike tonele.
Ten tyde van sy ondersoekwerk was hy bloot ‘n vingerafdrukondersoeker. Ek sal tegelegertyd die effek, indien enige, van hierdie onderskeid op sy getuienis behandel.

Sersant Smith se getuienis is van aansienlike belang in hierdie saak, daarom bespreek ek dit in redelike fyn besonderhede.

7.1 Hierdie getuie het 9 jaar diens in die SAPD en daarvan het hy tot op hede ongeveer 3½ jaar deurgebring by die Plaaslike Kriminele Rekordsentrum (“PKRS”).

7.2 Vroeg die oggend van 15 Augustus 2000 en wel te Upington polisiestasie het hy ontstekingsresidu toetse gedoen op beskuldigdes 1 tot 4. Ek kan nou alreeds dit op rekord plaas dat daar niks verder gekom het van hierdie toetse nie.

7.3 Hy het later die oggend by Philandersbron gastehuis, waar die roof plaasgevind het, vingerafdrukke probeer lig. Hy het ongeveer twintig vingerafdrukke gelig by die toneel by die gastehuis. Hiervan het hy twee afdrukke positief met die van beskuldigdes een en twee verbind deur vergelykings te doen en deur sewe punte van ooreenstemming te vind. Hy het naamlik 'n linkerpalmafdruk gelig vanaf 'n rol bruin kleefband by die gastehuis. Hierdie afdruk het 7 punte van ooreenstemming met die linkerpalm van beskuldigde 1. Regs aan die agterkant van die kap van die sekuriteitsvoertuig waarin die pensioengeld vervoer is, het sersant Smith, 'n linkerpalmafdruk gelig. Ná verdere vergelykende ondersoeke het hy gevind dat daar 7 punte van ooreenstemming is tussen daardie afdruk en die linkerpalm van beskuldigde 2.

7.4 Op dieselfde datum (d.w.s. 15/8/00) het hy by die PKRS kantore te Upington 'n vingerafdruk gelig vanaf die

magasyn van ‘n Z88 pistool waarvan die reeksnommer verwyder was. Dié pistool is een van dié waarna ek vroeër verwys het in par. 3.5 hierbo. Hierdie vingerafdruk het 7 punte van ooreenstemming getoon met die regter ring vinger van beskuldigde nr. 1.

7.5 Op 15/8/2001 het hy ‘n palmafdruk gelig van ‘n geldsak. Hierdie geldsak blyk een van dié te wees wat buitgemaak is tydens die rooftog. Hierdie palmafdruk is vergelyk met dié van beskuldigde 1 en het sersant Smith gevind dat die afdruk ooreenstem met die linkerpalm van beskuldigde 1.

7.6 Opsommenderwys dus wat vingerafdrukke aanbetref – hierdie getuie het ‘n vingerafdruk op ‘n 9mm. pistool, sowel as palmafdrukke vanaf ‘n geldsak en ‘n rol kleefband gelig, welke vinger/palmafdrukke ooreenstem met die regter-ringvinger/linkerpalm van beskuldigde 1. Hy het ook ‘n palmafdruk van die kap van die sekuriteitsvoertuig gelig wat ooreenstem met die linkerpalm van beskuldigde 2.

7.7 Ek vestig die aandag daarop dat:

a) waar ek in die uitspraak verwys het daarna dat, volgens sersant Smith, die afdrukke wat hy gelig het

ooreengestem het met die vinger/palmafdrukke van ‘n bepaalde beskuldigde, dan bedoel ek dat die getuie in elke afsonderlike geval sewe punte van ooreenstemming gevind het.

b) Die getuie het getuig dat sewe punte van ooreenstemming die norm is waarvolgens geregshowe in ons land bo redelike twyfel tevrede is vir identifikasie.

c) Volgens sersant Smith se getuienis het geen twee persone dieselfde vinger/palmafdrukke nie.

d) In elke afsonderlike geval het die getuie dieselfde *modus operandi* gevolg: - hy het naamlik die geligte afdruk op die foelien vergelyk met ‘n stel vinger/palmafdrukke van die bepaalde beskuldigde; ‘n hofkaart opgestel wat die vergelykings aantoon en dan op ‘n aparte lys die ooreenstemmende kenmerke aangestip. Hy het voor die aanvang van die verrigtinge op die stadium toe hy getuig het vingerafdrukke van elke beskuldigde (d.w.s. nommers 1 en 2) geneem en sy bevindinge ten aansien van elkeen van hulle gekorreleer.

e) Sy ondersoekwerk t.o.v. hierdie aspek is nagegaan deur sy bevelvoerder (kapt. Du Plessis) en nog 'n ander vingerafdruk deskundige, te wete sers. Nelson.

7.8 Mnr. Pistorius het hierdie getuie wydlopend en deurtastend gekruisondervra. Ter aanvang is sersant Smith se deskundigheid intens bevraagteken. Hy is behoorlik gepeper met vrae oor beide die teoretiese en praktiese aspekte van die lig van vingerafdrukke. Sersant Smith is verder wydlopend gekruisondervra en stellings is aan hom gemaak oor Nasionale PKRS beleidsaspekte.

Ons maak die volgende geloofwaardigheids bevinding ten aansien van hom: -

a) Hy het die nodige deskundige kwalifikasies en ervaring om as 'n vingerafdrukdeskundige te kwalifiseer;

b) Hy het die vuurdoop wat hy moes deurgaan tydens kruisondervraging betreklik goed deurstaan. Daar is duidelik sekere gebiede van die teoretiese aspekte waarop hy minder bekwaam is. Desnieteenstaande meen ons dat hy as deskundige

getuie die paal gehaal het. Ek sal mettertyd handel met die vraag of sy getuienis teen beskuldigdes 1 en 2 voldoende *prima facie* inkriminerende getuienis daarstel.

c) Daar is etlike probleme in sy getuienis betreffende die afbakening van die misdaadtoneel te Philandersbron, die moontlike kontaminering van bewysstukke asook die afhaal van bewysstukke in die bewysstukkluis. Hierdie probleme is eerder aan andere se toedoen te wyte. Dit hou egter belangrike implikasies in vir die bewyswaarde van sy getuienis, wat ek later sal bespreek.

d) Dit is opvallend dat, alhoewel daar in die algemeen stellings gemaak is oor sy deskundigheid en alhoewel daar gesuggereer is dat hy óf nie vingerafdrukke kon lig nie (a.g.v. die stof op die voertuie byvoorbeeld) of dat die vingerafdrukvergelykings ontoereikend sou wees, is sy bevindinge nooit direk betwis nie en is geen getuienis tot the teendeel aangebied nie. Veral insiggewend is die feit dat: -

i) Mnr. Pistorius met sy eie deskundige

gekonsulteer het voordat hy sersant Smith verder gekruisondervra het en was al die bewysstukke (foeliene ens.) ook aan die deskundige beskikbaar gestel;

ii) die deskundige (wie se naam nooit bekendgemaak is nie) in die Hof gesit het tydens voormelde voortgesette kruisondervraging van sers. Smith; en

iii) hierdie deskundige self nooit geroep is om te getuig nie.

Sersant Smith het, alhoewel hy soms ongemaklik was wanneer hy vrae nie korrek kon antwoord nie, oor die algemeen ons beïndruk as ‘n deskundige getuie. Ek handel later met die bewyswaarde van sy getuienis.

8. Die volgende Staatsgetuie wie se getuienis van belang is, is Zoleka Mabusela.

Sy is ook ‘n werknemer van CPS en was deel van die groep wat die aand by Philandersbron gastehuis oornag het. Aangesien sy die enigste damespersoon in die geselskap was, het sy alleen in ‘n kamer geslaap. Na aandete het sy gaan slaap en is wakkergemaak deur nommer 5 wat buite haar kamerdeur was – volgens haar het dit geklink asof hy huil. Toe sy haar kamerdeur oopmaak was beskuldigde 5 in die

geselskap van een van die rowers wat ‘n vuurwapen op hom gerig het.

Beide sy en beskuldigde nr. 5 is vasgebind en hul monde is toegeplak met kleefband soortgelyk as die wat op een van die foto’s sigbaar is. Sy het teen wil en dank die sleutels oorhandig wat toegang verleen tot die geldtrommels binne – in die sekuriteitsvoertuig. Haar indruk was dat beskuldigde nr. 5 ook soos sy vreesbevange was daar op die toneel. Hulle is later ontset deur van hulle kollegas en is na die polisiestasie toe om die rooftog te rapporteer. Beskuldigde nr. 5 het die voortou geneem in hierdie proses. Ons was besonder beïndruk deur hierdie getuie en aanvaar haar getuienis.

9. Branley Macfarlane is die broer van beskuldigde nommer 3. Hy het getuig oor die feit dat hy op die Sondag wat die dag van die voorval voorafgegaan het (d.w.s. op Sondag 13/8/00) sy Kombi vir sy broer geleen het. Beskuldigde nr. 3 het gesê hy gaan mense vervoer na Upington.

   Hy dra nie kennis van die vuurwapens wat agter die Kombi se paneelkissie gekry is nie. Volgens hom was die Kombi nie in ‘n baie goeie megansiese toestand nie. Daar is geen rede om nie hierdie getuie se getuienis te aanvaar nie.

10. Mnr. Piet de Wee staan ook bekend as “Tommie” Hy was ‘n sekuriteitswag in diens van die maatskappy wat CPS se lede vergesel het die betrokke aand. Hy en Koos Visagie (‘n kollega van hom) het die namiddag van 14/8/00 by mense gaan kuier in die Philandersbron omgewing. By hulle terugkeer na die gastehuis het die ander alreeds hul aandete geniet. Hy en

Koos het, nadat hulle geëet het, 'n rukkie buite vertoef waar Koos gestaan en rook het. Daar het mense verby geloop en hy wat Tommie is het onrustig geraak en vir Koos gesê dat hulle na binne moet gaan.

Nadat iemand aan die kamerdeur geklop het, het Koos na die deur gegaan. Twee mans het ingestorm by die kamer-hulle was gewapen – een met 'n 9mm pistool en die ander met 'n haelgeweer. Die persoon met die pistool het die getuie aangerand deur hom te skop en te trap. Hy het hierdie persoon in sy gesig gekyk toe dié aanval begin. Hy sowel as die ander is vasgebind en hul monde is toegeplak met kleefband. Die booswigte het die sleutels van die voertuie daar geneem. Op 'n staduim het daar 'n skoot afgegaan.

Hulle het later daarin geslaag om hulleself te bevry en is na die polisiestasie toe. Mnr. De Wee het die twee aanvallers uitgeken as beskuldigde nommer 1 (die een met die pistool) en nommer 2 (die een met die haelgeweer).

Op 'n uitkenningsparade wat gehou is op 19 September laasjaar het hy dié twee beskuldigdes uitgeken. Hy het beskuldigde 1 uitgeken aan sy gelaatstrekke en beskuldigde 2 het hy aan sy liggaamsbou uitgeken.

Hierdie uitkenningsparade gaan mank aan verskeie gebreke, waarna ek later volledig sal verwys.

Hierdie getuie is in kruisondervraging gekonfronteer met sy twee getuieverklarings wat in sekere opsigte verskil van sy *viva voce* getuienis.

Wat opgeval het van hierdie getuie is dat hy erg verbitterd is oor die aanval op hom en die daaropvolgende verlies van sy

werk a.g.v. die voorval.

Hy het oor die algemeen redelik gevaar as ‘n getuie, maar meen ons dat daar slegs op sy getuienis gesteun kan word wat betref die uitkenning van beskuldigde 1 as dit gestaaf word deur ander, geloofwaardige getuienis. Ons laat heeltemal buite rekening sy uitkenning van beskuldigde 2 omdat dit na ons mening té onbetroubaar is.

11. Mnr. Ronaldo van Wyk is ook ‘n CPS werknemer. Hy het in breë trekke die voorval en verloop van gebeure, soos geskets deur de Wee, gestaaf. Die belangrike verskil is dat hierdie getuie geeneen van die aanvallers kon uitken nie. Hy het verder getuig dat hulle aanvanklik uit Upington vertrek het met R443 000.00 se pensioengeld en, nadat uitbetalings gedoen is, daar nog ongeveer R414 060.00 oor was daarvan toe hulle op Philandersbron oornag het. Ons aanvaar hierdie getuie se getuienis sonder voorbehoud.

12. Mnr. Koos Visagie is die sekuriteitswag na wie ek vroeër hierin verwys het. Hy het in breë trekke ook die verloop van gebeure daar weergegee soos mnr. De Wee. Ook hy kon niemand van die aanvallers uitken nie. Hy getuig ook oor ‘n aanvaller met ‘n 9mm. Pistool en een wat met ‘n haelgeweer gewapen was. Hy meld egter dat daar nog verdere rowers was wat ook die gastehuis binnegestorm het. Die rowers het hom op ‘n stadium na buite geneem waar hy moes help om die voertuie weg te stoot (die voertuie was só geparkeer dat toegang tot die

sekuriteitsvoertuig waarin die geld geberg was, versper was).

Van belang is die feit dat hy in die middel agter die sekuriteitsvoertuig gestoot het, met twee van die boosdoeners aan weerskante van hom. Hulle het aldrie gestoot met hulle hande oop en palms na vore.

Hulle het die pantservoertuig binneggegaan en al agt geldtrommels is daar verwyder.
Hy is daarna die huis binnegeneem en saam met sy kollegas en die ander vasgebind. Hulle is later bevry en na die polisiestasie toe. Volgens hom kon hy op 'n stadium, terwyl hulle vasgebind was die dreuning van 'n voertuig hoor – dit het geklink soos 'n Kombi. In kruisondervraging het die getuie erken dat hy dagga rook, maar het heftig ontken dat hy dit rook wanneer hy aan diens is. Hy het verder ook ontken dat hy dié betrokke dag dagga gerook het. Sy getuieverklaring is ook aan hom voorgehou en daaruit blyk dit dat daar enkele weersprekings met sy mondelinge getuienis voorkom. Een van die belangrikste aspekte is die feit dat volgens hom die rowers 'n donkerkleurige drasak by hulle gehad het. Mnr. Visagie kon nie verduidelik waarom dié belangrike aspek nie in sy getuieverklaring vervat is nie, en waarom hy dit nie in sy hoofgetuienis vermeld het nie. Ons aanvaar hierdie getuie se getuienis slegs waar dit deur ander geloofwaardige getuienis gestaaf word.

13.1 Ek behandel vervolgens die getuienis van Inspekteur Kella en Sersant Isaacs saam. Hierdie 2 SAPD-lede het saam voorstaandienste verrig ongeveer 10 km. buite Upington by die ingang na Spitskop, gedurende die nag van 14 Augustus laasjaar. Hulle was op die uitkyk vir 'n Kombi (die getuies het verskil oor die kleur daarvan) na aanleiding van 'n berig oor die rooftog by Philandersbron

gastehuis. Hulle het ‘n Kombi opgemerk wat volgens hulle teen ‘n hoë snelheid verby gejaag het. Hulle het dit agterna gesit. Die 2 voertuie het verby ‘n padblokkade verderaan beweeg tydens hierdie jaagtog. Die 2 getuies het albei die indruk gevorm dat die Kombi aan’t wegjaag is. ‘n Ent verder is die Kombi as’t ware van die pad afgedwing deur die 2 polisie beamptes.

Beskuldigdes 1 tot 4 was in die Kombi. Van die ander polisiemanne wat by die padblokkade was, onder andere superintendent Frans en inspekteur van Taak asook CPS mense het op die toneel opgedaag. Die Kombi is deursoek en beslag is gelê op ‘n haelgeweer en ongeveer R8000 in kontant.

13.2 Kella en Isaacs is angesê om terug te ry op die roete soos hulle die Kombi gevolg het om uit te kyk vir die vermiste vuurwapens en geld wat buitgemaak is te Philandersbron.

Hulle het ongeveer 20 meter vanwaar hulle die Kombi afgetrek het, ‘n swart drasak gevind langs die pad. Binne-in was plastiek geldsakke bevattende geld. Die geld is oorhandig aan supt. Frans.

By die polisiestasie het Isaacs beslag gelê op die skoene van die beskuldigdes nrs.1 to 4 – hierdie skoene is bewysstukke 1 tot 4 voor die hof.

Wat hierdie twee getuies aanbetref, val dit op dat daar ernstige

probleme in hul getuienis is, veral oor hulle weergawes van die beweerde jaagtog agter die Kombi aan. Hulle het mekaar hieroor ernstig weerspreek en strook hul weergawes ook nie met dié van ondermeer supt. Frans wat by die padblokkade was nie. Verder is daar aansienlike probleme met hul getuienis oor dié jaagtog, wanneer dit teen die waarskynlikhede opgeweeg word. Ons verwerp hulle getuienis hieroor waar dit bots met dié van supt. Frans.

13.3 Sersant Isaacs het ‘n aantekening in sy sakboekie (wat bew. “AA” voor die Hof is) gemaak, ten aansien van die skoene wat hy by die beskuldigdes 1 tot 4 in beslag geneem het. Ook hierdie aspek van sy getuienis het ernstige probleme aangesien hy dit nie kontemporêr aangeteken het nie.

14. Mnr. Conrad Koen is ‘n werknemer van CPS. Hy is in beheer van spesiale ondersoeke. Hy het die nag van 15/8/00 kennis gekry van die rooftog by Philandersbron en was aanwesig by die padblokkade toe die Kombi daar verby is. Dit is insiggewend dat hierdie getuie hoegenaamd nie eers melding maak daarvan dat hy Kella en Isaacs se voertuig wat die Kombi sou agtervolg het, opgemerk het nie. Mnr. Koen was teenwoordig toe die Kombi deursoek is en daar beslag gelê is op ‘n haelgeweer en kontantgeld. Hy was ook aanwesig toe die gevonde drasak met geld daarin aan supt. Frans oorhandig is. Daar is foto’s van die geld geneem op die toneel. Dié geld is by die polisiestasie getel; dit was ‘n bedrag van R362 000.00. Dié

geld het hy uitgeken as dié wat in CPS se besit was en die geld is aan hom terug oorhandig. Hy en 'n kollegga, Pienaar, het die volgende dag na Philandersbron gegaan en op grond van inligting, het hulle 5 leë geldtrommels gevind wat aan CPS behoort. Hy het erken dat hy van die getuies vergesel het na die polisiestasie toe die uitkenningsparade gehou is op 19 September. Hy het egter ontken dat hy aanwesig was tydens die hou van die parade. Hierdie getuie se getuienis word aanvaar – dit slaan in elk geval op nie – wesenlike aspekte sover dit die inkriminering van die beskuldigdes aanbetref.

15.1 Inspekteur Carstens is 'n hondemeester. Sy getuienis is aangebied op die basis dat hy 'n deskundige is op die reprodusering en identifisering van skoenspore.

Hy het getuig oor skoenspore wat hy op gips gereproduseer het by die toneel te Philandersbron gastehuis. Hy het 'n totaal van vier sodanige reproduksies gemaak. Hy het hierdie gipsreproduksies vergelyk met die beskuldigdes 1 tot 4 se skoene. Hiervolgens het hy gevind dat beskuldigdes 1 en 4 se skoenspore ooreenstem met dié van twee van die vier gipsreproduksies. Volgens inspekteur Carstens is een punt van ooreenstemming voldoende vir bewys bo redelike twyfel.

Die ander twee gipsreproduksies was bloot soortgelyk aan die skoenspore van beskuldigdes 2 en 3.

15.2 Onder kruisondervraging het die getuie toegegee dat daar ‘n verkeerde SAP 13 nommer (1016 instede van 1023) aan die skoene as bewysstukke toegeken is. Hy het ook toegegee dat dit redelikerwys moontlik is dat, a.g.v. hierdie fout, dié bewystukke dalk betrekking mag hê op ‘n heel ander saak. Verder toegewings wat hy gemaak het sluit ondermeer in: - die feit dat die toneel daar by die gastehuis nie bewaar is nie en ander mense bv. die CPS werknemers daar rondbeweeg het en hulle skoenspore is nie getoets nie; dat die spore nie gefotografeer of uitgemerk is met bv. kegels nie; dat die toneel heeltemal vertrap was en omstandighede daar uiters ongunstig was vir sy werk. Een van die belangrikste toegewings wat inspekteur Carstens gemaak het is dat daar leemtes in sy vaardigheid en kundigheid as ‘n hondemeester is (dit het ook geblyk dat dit die eerste keer was dat dié getuie in die Hooggeregshof getuig het). Verder het dit ook geblyk dat die gipsproduksies deurgaans in sy kantoor bewaar is en nie in die SAP 13 – stoor nie, omrede hy bang was dat dit daar sou breek.

Daar was ten slotte aan die getuie gestel deur mnr. Pistorius dat sy vergelykings geen bewyswaarde het nie en die getuie se antwoord was dat die Hof daaroor moet beslis. Ons bespreek later die bewyswaarde van sy getuienis hierin, maar aanvaar sy getuienis as ‘n deskundige onderhewig aan die voorbehoude wat ons later behandel.

16. Mnr. Hendrik van Wyk is ‘n bestuurder van die sekuriteitsmaatskappy. Sy getuienis het slegs gehandel oor die waardes van die handradio’s en semi-outomatiese gewere wat buitgemaak is tydens die roftog. Hy het ook getuig dat mnre. De Wee en Visagie se dienste beëndig was omdat CPS hulle nie meer wou aanwend as sekuriteitswagte nie.
Ons aanvaar hierdie getuie se getuienis.

17. Mnr. Lucas Titus woon op Philandersbron. Hy het getuig dat hy op die aand van die voorval ‘n silwerblou Kombi gesien het by die ingang van Philandersbron. Onder kruisondervraging het hy toegegee dat hy in sy verklaring aan die polisie bloot gesê het dat hy ‘n voertuig daar gesien het – hy het nie die fabrikaat gespesifiseer nie. Daar kan ons insiens glad nie op hierdie getuie se getuienis gesteun word nie.

18.1 Mnr. Wilfred Tsomane staan ook bekend as “Salie”. Hy is ‘n inwoner van Kimberley. Hy is op versoek van die Staat gewaarsku ingevolge die bepalings vervat in art. 204 van die Strafproseswet. Volgens hom het by bevriend geraak met beskuldigde 1 omdat hulle albei taxi – eienaars is. Deur beskuldigde 1 het hy vir beskuldigdes 2 en 3 leer ken. Beskuldigdes 4 en 5 het hy eers heelwat later leer ken.
Mnr. Tsomane het getuig dat hy, op telefoniese versoek van

beskuldigde 1, Upington – gevangenis besoek het waar beskuldigdes 1 tot 4 in aanhouding was. Hy het die polisie van hierdie versoek verwittig en het kapt. Lourens van die Moord – en roofeenheid hom na Upington vergesel. By Upington gevangenis het beskuldigde 1 tot 4 hom ontmoet en is hy deur beskuldigde 1 versoek om die wapens wat hulle na die rooftog uitgegooi het langs die pad te probeer opspoor.

Daar is ook geskrewe instruksies en 'n sketsplan op 'n stuk papier aan hom oorhandig deur beskuldigde 2. Hierdie dokument is bewysstuk "CC" voor die Hof. Agterop was telefoonnommers neergeskryf – die onderste een teenoor die naam "Fanie" was na bewering dié van beskuldigde 5. Volgens mnr. Tsomane is hy beopdrag om, sou hy die wapens gevind het, dit te oorhandig aan beskuldigde nr. 5
Mnr. Tsomane het hierdie dokument aan kapt. Lourens oorhandig – hulle het later die aanwysings op bewysstuk CC gevolg en afgekom op die leë geldtrommels en drie LM5 gewere wat op die foto's gesien kan word.

18.2 Op versoek van Kaptein Lourens het mnr. Tsomane 'n afspraak gereël met beskuldigde 5. Tydens dié afspraak het lg. sekere medelings gemaak waaruit dit geblyk het dat beskuldigde 5 aandadig was aan die rooftog. Hierdie gesprek is op band opgeneem, aangesien mnr. Tsomane 'n versteekte bandopnemer by hom gehad het. Hierdie bandopname is nooit as bewysstuk aan die Hof voorgehou nie.

18.3 Mnr. Pistorius het hierdie getuie deurtastend gekruisondervra

ondermeer oor verskille tussen sy *viva voce* getuienis en sy getuieverklaring wat bewysstuk “DD voor die Hof is. Hy is ook deur mnr. Jacobs gekruisondervra oor veral aspekte wat beskuldigde nr.5 se saak raak. Mnr. Tsomane se getuienis moet na ons mening met groot versigtigheid benader word. Hy was ‘n swak getuie maar nie so swak dat sy getuienis heeltemal verwerp kan word nie. Insiggewend is dat kapt. Lourens hom staaf ten aansien van die besoek aan die tronk en bewysstuk “CC”. Ook is wapens en geldtrommels gevind aan die hand van die aanwysings vervat in bewysstuk “CC”. Ons aanvaar dus slegs sy getuienis waar dit gestaaf word deur ander geloofwaardige en aanvaarbare getuienis.

19. Kaptein Lourens het grootliks Tsomane se getuienis bevestig ten aansien van laasgenoemde se besoek aan die gevangenis en die ontvangs van bewysstuk “CC” vanaf Tsomane. Hy het ook die daaropvolgende vonds van die gewere en leë geldtrommels bevestig. Uit die kruisondervraging blyk dit dat Lourens heel toevallig inligting vanaf Tsomane gekry het oor die telefoonoproep en versoek van beskuldigde 1. Lourens was besig om Tsomane te ondervra oor ‘n ander roofvoorval toe Tsomane uit eie oorweging melding maak van die telefoonoproep.

Ons aanvaar sy getuienis sonder enige huiwering.

20. Inspekteur Muller het getuig oor die hou van die uitkenningsparade op 19 September 2000 en het hy dan ook toegegee dat daar heelwat tekortkominge in die opstel en hou

van die parade was. Ons het groot probleme met die getuienis oor die uitkenningsparade, maar verwys ons na ons bevinding aangaande de Wee se getuienis hierbo.

21. Superintendent Frans het getuienis gelewer oor sy rol by die padblokkade en die deursoeking van die Kombi. Volgens hom het hy opdrag gegee dat die geldsakke wat binne-in die gevinde drasak aangetref was, ondersoek word vir vingerafdrukke (soos vroeër, aangedui, het sers. Smith toe wel 'n palmafdruk van die geldsak gelig, welke afdruk ooreengestem het met die linkerpalm van beskuldigde nr. 1. Hy het ook getuig oor die latere deursoeking van die Kombi en die vind van die twee pistole agter die paneelkissie van die Kombi. Ons aanvaar hierdie getuie se getuienis sonder voorbehoud.

22. Soos ek vroeër aangedui het, het mnr. Francois White, beskuldigde nr. 4 se broer getuienis gelewer in die verdediging se saak. Die strekking van sy getuienis was bloot maar dat Tsomane wel sy broer (beskuldigde 4) voorheen geken het en dat hy van tyd tot tyd aangedoen het by hulle in Upington vir herstelwerk aan sy taxi. Ons verkies sy getuienis bo dié van Tsomane op hierdie aspek.

23. Daar is ook 'n inspeksie ter plaatse by die Upington gevangenis

gehou na aanleiding van mnr. Wilfred Tsomane se getuienis oor sy beweerde besoek van beskuldigdes 1 tot 4 by die gevangenis. Aan die einde van die Staatsaak het ek aansoeke ingevolge artikel 174 van die Strafproseswet vir die ontslag van al vyf beskuldigdes afgewys. Die rede vir hierdie besluit was bloot dat ek van mening was dat op daardie stadium daar 'n *prima facie* saak was teen al die beskuldigdes. Ek was ook die mening toegedaan dat, ten spyte van al die probleme in die Staat se saak, daar nie gesê kon word dat enige van die Staatsgetuies wat die beskuldigde inkrimineer, se getuienis so swak is dat dit heeltemal buite rekening gelaat kan word nie.

Sien: ***S v Mpetha & others*** 1983(4) SA 262(K) te 265 E-F.

24. Ten einde te bepaal of die beskuldigdes enigsins deelgeneem het aan die pleging van die misdrywe soos vervat in die akte van beskuldiging het ek slegs die Staat se weergawe voor my. Ek hou in gedagte dat ek geen nadelige afleiding kan maak van 'n beskuldigde se versuim om self te getuig nie;

Sien: ***S v Brown en 'n ander*** 1996(2) SASV 49 (NK) te 61 f-g.

25. Die Staatsaak wemel van probleme en tekortkominge. Dit is nou die gepaste tyd, meen ek om die vele kommerwekkende aspekte aangaande die manier hoe hierdie saak ondersoek en voorberei is, aan te stip en kommentaar daarop te lewer.

25.1 Die kommerwekkendste en deurlopende probleem is dat nie een van die verskeie tonele waar forensiese ondersoeke gedoen is en/of bewysstukke versamel is, behoorlik afgekordon en beveilg is nie. Die gevolglike potensiële kontaminering van bewysstukke spreek vanself.

25.2 Daar is ‘n ooglopend onreëlmatige uitboek van bewysstukke (te wete vingerafdrukfoeliene) in die bewysstukregister deur sers. Smith (bew. Y). Daar bestaan ‘n baie sterk moontlikheid dat hierdie ‘n foutiewe inskrywing in die bewysstukregister mag wees, maar is dié aspek <u>nooit</u> opgeklaar deur die Staat nie.

25.3 Tydens die inhandiging van die beskuldigdes 1 tot 4 se skoene by die SAP 13 is daar by hierdie bewysstukke op verkeerde wyse etikette ter identifikasie daarvan aangebring.

Die uitkenningsparade van 19/9/00 wemel van probleme – daar was heeltmal te min persone op die parade; mnr. Koen van CPS wat beskuldigdes 1 tot 4 tydens hulle arrestasie gesien het, was net voor die hou van die uitkenningsparade in kontak met die getuies; die SAP 329 vorm (bew. “V”) is nie na behore ingevul nie op ‘n aspek van absoluut kardinale belang te wete die korrekte tydsverloop met die uitkenning van beskuldigde 1 deur die getuie Tommie de Wee nie.

Daar is hoegenaamd geen foto geneem van die toneel waar die

drasak met geld deur Kella en Isaacs gevind is nie.

Hierdie drasak met geld daarin is deur Kella en Isaacs hanteer (met die gevolglike kontaminering van moontlike vingerafdrukgetuienis) asook deur die CPS lede op die toneel. Verder is die drasak nie deur die polisie nie, maar deur die vermelde CPS – lede gefotografeer.

‘n Verkeerde bewysstuknommer is aan die skoene van beskuldigde 1 tot 4 toegeken waar dit by die SAP 13 ingehandig is.

Die SAP 13 – register is verkeerd opgeskryf waar vermeld word dat al die items (vuurwapens, geldnote en skoene) by die “verdagte Andries Buys” aangetref is.

Van die bewysstukke, en veral die skoene van die beskuldigdes, het vir betreklik lang tydperke (bv. 2 weke in die geval van die skoene) in die ondersoekbeampte of ander polisiemanne se besit gebly nadat dit uit die SAP 13 – stoor verwyder is.

Die skoenspore by die Philandersbron gastehuis is nie behoorlik uitgemerk of selfs gefotografeer nie.

> As hierdie nie so ‘n ernstige saak was nie, sou al hierdie flaters, nalates en onbeholpe optrede van die polisie byna komies gewees het.

Ek is die eerste een wat sal toegee dat die polisie onder baie moeilike omstandighede hul werk moet verrig. Hulle het uiters beperkte hulpbronne tot hul beskikking waarmee hulle die ongekende vlaag

van misdaad in ons land moet beveg. Die foute wat in hierdie saak begaan is, het egter die gevolg dat ernstige vraagtekens agter die betroubaarheid van die forensiese getuienis geplaas moet word. Uiteiendelik mag dit selfs tot gevolg hê dat 'n geregshof soveel twyfel het oor die bewyswaarde van getuienis dat hy die vorrdeel daarvan aan beskuldigdes moet toesê, selfs waar daar sterk suspisie bestaan dat sluke beskuldigdes deel gehad het aan die misdryf/e.

Dit bring op sy beurt weer die hele regspleging in diskrediet in die oë van die publiek – iets wat ons tog beswaarlik kan bekostig tydens hierdie onstuimige tydvak in ons jong demokrasie. In die onlangse beslissing van ***Govender v Minister of Safety & Security*** 2001(2) SASV 197 (HHA) te 203 c-d stel Appèlregter Olivier dit as volg:

> "A failure by the State to preserve the effectiveness of the criminal justice system will end in lawlessness and a loss of the legitimacy of the State itself."

26. Wanner die kaf van die koring geskei word, dan is die getuienis (en hier sluit ek omstandigheidsgetuienis in) teen die onderskeie beskuldigdes as volg: -

26.1 <u>Beskuldigde 1</u>

(a) 'n Vingerafdruk wat ooreenstem met syne is gevind op 'n 9 mm. pistool welke pistool versteek gevind is in 'n Kombi waarin hy en beskuldigdes 2,3 en 4 aangetref is enkele ure na die rooftog.

b) 'n Palmafdruk wat ooreenstem met syne is gevind op 'n CPS geldsak wat buitgemaak is in die roof en

wat gevind is in ‘n drasak wat ongeveer 20 meter van die toneel waar die voormelde kombi gestop is, langs die pad aangetref is.

c) ‘n Palmafdruk wat ooreenstem met syne is gevind op ‘n rol kleefband wat in die Philandersbron gastehuis gevind is en wat soortgelyk is as dié waarmee die slagoffers se monde toegeplak is deur die rowers.

d) Hy is uitgeken deur Tommie de Wee as een van die rowers en wel die een wat herhaaldelik ‘n aanval gerig het op die getuie de Wee, by ‘n uitkenningsparade ongeveer ‘n maand na die voorval.

e) Wilfred Tsomane beweer dat hierdie beskuldigde hom na Upington gevangenis laat kom het en dáár deel was van ‘n groepie van die beskuldigdes wat aan hom mondelinge en skriftelike instruksies gegee het hoe om van die buit (wapens en leë geldtrommels) op te spoor. A.g.v. hierdie instruksies is die wapens en leë geldtrommels dan ook deur die polisie opgespoor.

f) Sy regtersportskoen wat hy aangehad het tydens arrestasie se sooloppervlakte stem ooreen met ‘n skoenspoor wat op die toneel by die gastehuis gevind is (die uitstaande kenmerk wat die punt van

ooreenstemming is, is volgens inspekteur Carstens slystasie op die regterhak van die skoen).

g) Hy is in verdagte omstandighede met beskuldigdes 2,3 en 4 aangetref in 'n Kombi enkele ure na die roofvoorval.

Beskuldigde 2:-

a) 'n Palmafdruk wat ooreenstem met syne is op die agterkant van die sekuriteitsvoertuig waaruit die CPS – geld geroof is, aangetref.

b) Hy was deel van die groepie wat instruksies aan Tsomanie by die gevangenis gegee het en word beweer dat hy die dokument bewysstuk "CC" aan Tsomane oorhandig het daarso.

c) Die spoor van sy regterskoene wat hy aangehad het tydens arrestasie is soortgelyk as 'n skoenspoor wat by die Philandersbron gastehuis gevind is.

d) Hy is ook in die Kombi aangetref in verdagte omstandighede net na die rooftog.

e) Hy is deur de Wee op die uitkenningsparade uitgewys as een van die aanvallers.

26.3 Beskuldigde 3:

a) Hy was deel van die groepie wat instruksies aan Tsomane by die tronk gegee het.

b) hy was ook in die Kombi wat die polisie voorgekeer het.

c) Die linkerskoenspoor van die skoene wat hy tydens arrestasie aangehad het, is soortgelyk as dié van 'n skoenspoor wat by die Philandersbron gastehuis aangetref is.

26.4 Beskuldigde 4

a) Hy was in die Kombi gevind met beskuldigdes 1,2 en 3.

b) Hy was ook in die groepie wat vir Tsomane by die gevangenis instruksies gegee het.

c) Die regterskoen wat hy tydens arrestasie aangehad het se spoor stem ooreen met 'n skoenspoor wat by die gastehuis aangetref is.

26.5 Beskuldigde 5; -

a) Volgens Tsomane moes hy die gevonde wapens aan beskuldigde nr. 5 oorhandig vir verdere bewaring.

b) Volgens Tsomane het beskuldigde nr. 5 tydens 'n

gesprek erken dat hy deelgeneem het aan die rooftog.

27. Ek het alreeds die bevindige ten aansien van die geloofwaardigheid van elke getuie afsonderlik hierin aangedui. Ek kom vervolgens by die oorweging van en my bevinding ten aansien van die deskundige getuies in hierdie saak.

27.1 Ter inleiding en oor die algemeen moet die wyse waarop 'n Hof deskundige getuienis (wat eintlik maar opiniegetuienis is) behoort te benader, voor oë gehou word. Dit is naamlik dat die deskundige se opinie wat voorgehou en gemotiveer word bloot dien om leiding te bied – dit is vir die Hof self om te besluit of dit 'n juiste opinie is;

Sien: ***Annama v Chetty & others*** 1946 AD 142 (A) te 155-6;

***S v Gouws*** 1967(4) SA 527 (OK) te 528D.

27.2 Daarmee saam moet in ag geneem word dat daar sekere soorte deskundige getuienis is wat só tegnies van aard is dat 'n Hof nie self in staat is om 'n betroubare afleiding te maak nie – die Hof verlaat hom op die deskundige se opinie, mits hy tevrede is dat die getuie wel 'n deskundige is en dat sy getuienis betroubaar of geloofwaardig is.

'n Voorbeeld van sulke tipe getuienis is vingerafdrukke.

Vgl. ***R v Nksatlala*** 1960(3) SA 543 (A) te 546.

27.3 Aan die anderkant van die spektrum val daardie opinie/deskundige getuienis waar ‘n Hof ‘n eie oordeel kan vel, bv. voetafdrukke of skoenspore;

Sien: ***R v Debati*** 1951(1) SA 421 (T) te 423 C.

**l*S v Mkhabela*** 1984(1) SA 556 (A) te 562-3.

27.4 Wat vingerafdrukke aanbetref is die getuienis van sers. Smith van groot belang. Ons is tevrede dat sers. Smith wel ‘n deskundige opinie kon vorm aangaande die vingerafdrukke wat hy gelig het en vergelyk het met dié van die beskuldigdes 1 en 2. Dít nieteenstaande die feit dat hy eers ná die voorval as deskundige gekwalifiseer het. Dit was opmerklik dat, alhoewel sy deskundigheid verwoed aangeval is deur mnr. Pistorius, dit nooit aan hom gestel is dat sy bevindinge verkeerd is nie, nieteenstaande die aanwesigheid van mnr. Pistorius se eie deskundige in die Hof tydens kruisondervraging nie. Daar was weliswaar in die algemeen vrae aan hom gestel oor die vervalsing, oorplanting en verplasing van vingerafdrukke. Daar was egter <u>nooit</u> pertinent aan hom gestel dat enige van die vingerafdrukke van beskuldigdes 1 en 2 óf verplaas is óf oorgeplant is óf vervals is nie.

Ons is verder tevrede dat die vingerafdrukke wel op die

toneel gevind is soos wat die getuie getuig het (die getuies van Wyk, Visagie en de Wee het bevestig dat die polisie vingerafdrukke gesoek het op die toneel te Philandersbron) en dat hy die vergelykings gedoen het met die beskuldigdes se stelle van vingerafdrukke wat hy van die ondersoek beampte gekry het (hierdie laasvermelde aspek is <u>nooit</u> in geskil geplaas nie).

Daar is geen teenstrydige deskundige getuienis voor ons geplaas nie. Daar word nou algemeen deur ons Howe aanvaar dat 7 punte van ooreenstemming voldoende is;

Sien, ondermeer : ***S v Nala*** 1965(4) SA 360 (A).

Ons aanvaar dus sers. Smith se deskundige opinie dat die vinger/palmafdrukke wat hy op die 9 mm. pistool, die rol kleefband en die CPS-geldsak gevind het, ooreenstem met die ringvinger/palm van beskuldigde 1.

Insgelyks aanvaar ons ook sy deskundige opinie t.a.v. beskuldigde 2 se palm en die palmafdruk wat van die sekuriteitsvoertuig gelig is. Die kontaminering indien enige, van die toneel by die gastehuis het na ons mening geen rol gespeel by die lig van die vingerafrukkke nie.

27.5 Inspekteur Carstens het ‘n moeisame tyd beleef onder kruisondervraging. Alhoewel ons tevrede is dat hy as ‘n gekwalifiseerde hondemeester deskundige kennis het ten aansien van die reprodusering en vergelykings van voet- en skoenspore, benader ons sy konklusies met versigtigheid. Ons meen dat die *caveat* in ***S v Mkhabela***

*(supra)* te B-C navolgenswaardig is:

> *". . . . the Court msut nevertheless be cautious of relying upon such evidence, especially where it is the only evidence against the accused, and that the cogency of such evidence must depend upon all the circumstances of the case."*

Per Corbett AR (soos hy toe was).

Aansluitend hierby neem ons in ag dat die toneel vertrap was. Natuurlik hou ons ook verder in gedagte dat soortgelykheid van skoenspore ver te kort skiet in bewyswaarde en dat die ooreenstemmendheid daarvan meer bewyswaarde dra, alhoewel nie tot dieselfde mate as ooreenstemmendheid van vingerafdrukke nie. Opsommenderwys is dit ons benadering dat slegs waar insp. Carstens se inkriminerende getuienis teen beskuldigdes 1 en 4 deur ander aanvaarbare getuienis gestaaf word, sal ons dit aanvaar teen dié betrokke beskuldigdes.

Ons meen eweneens dat die getuienis oor beskuldigdes 2 en 3 se skoenspore bloot kan dien om ander aanvaarbare, geloofwaardige getuienis teen hulle te staaf. Alhoewel daar probleme was met die inboek en etikettering van die skoene in die SAP 13, bevind ons dat die Staat wel bewys het dat die vier pare skoene waarop vergelykings gedoen is aan die onderskeie beskuldigdes 1 tot 4 behoort het.

28.1 Die Staat se saak berus grootliks op omstandigheids getuienis. In só 'n geval moet al die getuienis as 'n geheel oorweeg word; Sien: ***S v Ntsele*** 1998(20 SASV 178 (HHA) te 182e.

28.2 By die toepassing van die nou reeds geykte *"two cardinal rules of logic"* neergelê in ***R v Blom*** 1939 AD 288 te 202 wanneer omstandigheids getuienis oorweeg word, moet daarteen

gewaak word om nie te beweeg op die gebied van spekulasie nie;

Sien: ***S v Mtsweni*** 1985(1) SA 590(A) te 593 E-G.

28.3 Met hierdie riglyne in gedagte meen ons dat die feit dat beskuldigdes 1 tot 4 in verdagte omstandighede hulleself in 'n Kombi bevind het, nie <u>op sigself</u> 'n afleiding regverdig dat hulle deel gehad het aan die roof te Philandersbron nie.

Daar is na ons mening nie voldoende bewys voor ons dat hierdie Kombi op die rooftoneel was nie.

Verder verwerp ons die beweringe deur Kella en Isaacs dat die Kombi van hulle af weggejaag het. Hierdie getuienis is lynreg in stryd met dié van Koen en Frans, wat op ons 'n baie gunstiger indruk gemaak het as wat die geval is met Kella en Isaacs.

29. Ek het alreeds gehandel met ons benadering tot die uitkenningsgetuineis van de Wee, asook met die deskundige getuienis van Smith en Carstens.

Ons benadering ten aansien van die getuienis van Tsomane is ook alreeds op rekord, nl. dat ons slegs sy getuienis waar dit 'n beskuldigde inkrimineer aanvaar waar daar ander geloofwaardige en betroubare getuienis op rekord is.

30. Ons maak die volgende feitebevindinge: -

30.1 Op 15/8/00 het 'n groep bestaande uit meer as drie mans

die lede van CPS en sekuriteitsfirma oorval en beroof van R414 060.00 kontant, 3 LM5 semi-outomatiese gewere, 104 5.56 mm. Rondtes ammunisie, 3 LM5 magasyne, 2 Motorola handradio's, 1 Kenwood handradio en 1 Nokia selfoon. Hierdie groep het met 'n gemeenskaplike oogmerk opgetree, nl. om die pensioengeld te roof.

30.2 Hierdie groep was gewapen met ten minste een 9mm. pistool en 'n haelgeweer.

30.3 Die aangevallenes se monde is met die bruin kleefband toegeplak wat op die toneel deur die polisie gevind is en wat op van die foto's voor die Hof sigbaar is.

30.4 Beskuldigde 1 se palmafdrukke op die rol kleefband en die CPS geldsak verbind hom met die roof (ons maak geen bevinding in die verband oor sy vinger afdruk op die pistool nie – ten beste vir die Staat bewys dit bloot dat beskuldigde 1 op 'n stadium die pistool wat versteek was in die Kombi hanteer het. Hierdie aspek kom natuurlik meer ter sprake by die aanklagte onder die Wet op Vuurwapens).

30.5 Beskuldigde 2 se linkerpalmafdruk op die sekuriteitsvoertuig plaas hom insgelyks ook op die toneel

van die roof.

30.6 Ons bevind verder dat beskuldigdes 1 tot 4 aanwesig was waar bewysstuk CC deur beskuldigde 2 oorhandig is aan Tsomane. By hierdie geleentheid is mondelinge instruksies ook aan Tsomene gegee oor die ligging van die wapens en geldtrommels.

31.1 Alvorens ons bevindinge ten aansien van die skuld van elke individuele beskuldigde maak, bespreek ek kortliks die regsposisie ten aansien van die gemeenskaplike besit van vuurwapens soos dit betrekking sou hê op ons voormelde feitebevindinge. Só ‘n bespreking is uiteraard nodig, gegewe die aanklagte onder die Wet op Vuurwapens – aanklagte 2 en 3.

31.2 Uit wat ek vroeër in die uitspraak gesê het, volg dit noodwendig dat daardie beskuldigdes wat ons mag bevind wel op die rooftoneel was en ter uitvoering van ‘n gemeenskaplike oogmerk deelgeneem het aan die rooftog, ook deel was van die besitsontneming van die 3 LM5 gewere wat in die 3 sekuriteitswagte, de Wee, Visagie en Babu se besit was. Dit volg ook dat ons nie in staat is om ‘n feitebevinding te maak (behalwe in die geval van beskuldigde 1) dat enige van die beskuldigdes besit (met inbegrip van fisiese besit en *animus*

*possidendi*) gehad het van die twee 9mm. pistole wat in die Kombi gevind is nie.

31.3 In ***S v Khambule*** 2001(1) SASV 501 (HHA) het die Hoogste Hof van Appél beslis oor die regsvraag op feitlik soortgelyke feite as die onderhawige geval. In daardie geval het die rowers met 'n gemeenskaplike oogmerk om te roof 'n sekuriteitsvoertuig aangeval. Tydens die rooftog is een van die sekuriteitswagte se vuurwapens buitgemaak. Op 508 b-d sê Olivier AR die volgende :

> "Ek kan in beginsel nie sien waarom, in gepaste situasies en indien die leerstuk van gemeenskaplike oogmerk toegepas word, die gemeenskaplike animus om die vuurwapens gesamentlik te besit, nie afgelei kan word nie. Indien dit die bedoeling van die lede van die groep is om die vuurwapens ter uitvoering van 'n roof of moord te gebruik tot hul almal se voordeel, vereenselwig hulle hul immers met die besit van die vuurwapens. Die feite in die geval tans ter sprake verskil van dié in bogemelde sake.

*Hier was dit die oogmerk van die groep dat die insittendes van die bakkie ontwapen sou word ter beskerming van hulle bende. Besit van die vuurwapens moes dus deur een of meer lede van die bende geneem word en ten behoewe en tot voordeel van die groep gehou word. Die Ruger en die ammunisie daarvoor is met hierdie gemeenskaplike doel geroof en na die bakkie, waarop al die rowers was, geneem. Daar het dit onder hul almal se beheer gebly todat dit later in die veld weggegooi is. Die afleiding van 'n bedoeling om die geweer en ammunisie gesamentlik te beheer en te besit, skyn my onvermydelik te wees."*

31.4 Ek kom dus tot die slotsom dat daar gemeenskaplike besit was van die drie LM5 gewere wat buitgemaak is – sodanige besit geld natuurlik slegs t.o.v. daardie beskuldigdes wat na ons

bevinding wel op die rooftoneel was en deelgeneem het aan die roof.

32. Ons behandel nou die beskuldigdes afsonderlik: -

32.1 Beskuldigde 1:

Hy word inkrimineer deur die vingerafdruk getuienis waarna alreeds verwys is, die uitkenning deur de Wee, Tsomane se inkriminerende getuienis asook die skoenspoor wat ooreenstem met syne wat by die gastehuis aangetref is. Ons is tevrede bo redelike twyfel dat hy op die toneel te Philandersbron was en deelgeneem het aan die rooftog. Hierdie slotsom bereik ons primêr aan die hand van die vingerafdrukgetuienis. Ons wys egter daarop dat wanneer die getuienis in geheel in ag geneem word, daar baie min twyfel by ons is dat hy aandadig was aan die rooftog nie. Ons is tevrede dat die Staat wel sy skuld bo redelike twyfel bewys het op aanklagte 1, 2, t.o.v. die drie LM5 gewere en die 9mm. Z88 Vector pistool en 3 slegs t.o.v. die 5 rondtes wat in die Z88 Vector pistool gevind is aangesien geen getuienis oor die aantal rondtes ammunisie in die semi-outomatiese gewere gelei is nie. Beskuldigde 1 word dus skuldig bevind aan aanklagte 1, 2 en 3.

3.2.2 Beskuldigde 2: -

Op grond van die vingerafdrukgetuienis teen hom sowel as die getuienis van Tsomane is ons tevrede bo redelike twyfel dat hy op die toneel van die roof was en deelgeneem het daaraan. Insgelyks is ons tevrede dat hy ook die drie LM5 gewere onwettiglik besit het op die regsbasis soos voorgehou in ***S v Khambule***, *supra*. Ons meen dit is insiggewend dat hy 'n haelgeweer besit en daar op die toneel een van die boosdoeners met 'n haelgeweer opgemerk is.

Die Staat het na ons mening sy skuld bo redelike twyfel bewys op aanklagte 1 en 2 (lg. slegs t.o.v. die semi-outomatiese gewere). Ons vind dié beskuldigde dus skuldig aan aanklagte 1 en 2.

32.3 <u>Beskuldigdes 3, 4 en 5: -</u>

Vir doelmatigheidsredes word hierdie drie beskuldigdes saam behandel.

Daar is teen nommers 3 en 4 slegs die getuienis van Tsomane en dié van inspekteur Carstens; wat lg. getuie aanbetref is sy inkriminering van nr. 4 heelwat sterker as dié van nr. 3.

Gegewe die voorbehoude wat ons koester jeens hierdie twee getuies (Tsomane oor sy geloofwaardigheid en Carstens oor die betroubaarheid van sy deskundige opinie) is daar by ons redelike twyfel oor beskuldigdes 3 en 4 – sodanige voordeel moet hulle toekom. Daar is wel 'n suspisie dat hulle betrokke was by die rooftog, maar is dit hoegenaamd nie voldoende om 'n skuldigbevinding uit te bring nie. Beskuldigde 5 word slegs deur Tsomane inkrimineer – daardie getuienis skiet na ons mening heeltemal te kort en moet beskuldigde 5 eweneens die voordeel van ons aansienlike twyfel oor sy skuld kry.

Beskuldigde 3, 4 en 5 word onskuldig bevind op alle aanklagte en word ontslaan.

33. Al wat oorbly is om te besin oor Tsomane se posisie. Ons het weliswaar sy getuienis aanvaar slegs met aansienlike voorbehoude, maar meen ek dat hy eerlik en openhartig alle vrae beantwoord het. Hy is weliswaar nie 'n baie indrukwekkende getuie nie, maar dít ís nie die toets nie. Gevolglik word vrywaring teen vervolging aan Wilfred Tsomane verleen ingevolge die bepalings van artikel 204 van Wet 51 van 1977. Sodanige vrywaring geld t.o.v. die misdrywe vervat in die akte van beskuldiging en alle bevoegde uitsprake.

34. Die Griffier van hierdie Hof moet toesien dat 'n afskrif van hierdie uitspraak versend word na die Provisiale Kommissaris van die SAPD, Kommissaris W. Mckaiser, asook aan Adjunk-Kommissaris L. Swanepoel van die SAPD.

| | |
|---|---|
| Adv. nms. Staat: | Adv. Nekosi |
| Adv. nms beskuldigde 1-4: | Adv. Pistorius |
| Adv. nms. beskuldigde 5: | Adv. Jacobs |
| Datum van verhoor: | 26-07-2001 tot 06-08-2001 |
| Datum van uitspraak: | 14-09-2001 |